PRIORITY
PAR AVION
BY AIR MAIL




# 'n Brief aan Jou

**ISBN 978-3-96162-985-5**

© 2023/2 by GBV Dillenburg GmbH
www.gbv-dillenburg.de

Met die komplimente van
Verbreitung der Heiligen Schrift, www.vdhs.com

1953 Afrikaanse Vertaling ©BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA 1957, Alle regte voorbehou.

Printed in Germany

© photos: p. 11 l.: Daniel Ernst, stock.adobe.com; p. 11 r.: Diversity Studio, stock.adobe.com; p. 45: bennymarty, stock.adobe.com; p. 46: Renate Wefers, stock.adobe.com; others: panthermedia.net, et al.



# Aan Jou Persoonlik

In jou hande hou jy ‘n baie spesiale brief geadresseer aan jou persoonlik. Jy dink dalk: “Is briewe geskryf op papier nie ‘n bietjie outyds nie?”
Dis waar, ja. Briewe word meer en meer vervang met teks-boodskappe en eposse.

**>> Maar selfs in ‘n digitale era is dit meer verkieslik om ‘n spesiale brief op papier neer te pen, om te wys hoe belangrik en waardevol dit is.**

Dit is tog ondenkbaar om ‘n uitnodiging na ‘n koninklike bruilof deur e-pos te ontvang!

Asseblief neem 'n oomblik met hierdie spesiale brief wat jy nou vashou. Dit is so belangrik. Lees dit sorgvuldig. Jy sal nooit spyt wees nie!

**Hierin sal jy wonderlike inligting vind oor**

- > 'n ander, kosbaarder brief
- > die mees betekenisvolle dokumente in die wêreld
- > die belangrikste boodskap van alle tye en die indrukwekkende betroubaarheid en hoe dit van toepassing is vandag



**Hierdie kosbare brief ,die Bybel, is 'n persoonlike boodskap vir jou, direk van God.**

**>>> Soveel seën wag vir jou as jy dit oopmaak en lees.**



# Die Bybel – 'n Brief aan Jou

## Die Bybel is soos Lugpos – die oosprong is in die hemel

**God is die wonderlike Skepper van die heelal.**

**Hy het ook aan jou lewe gegee en ken jou ten volle. Jy is nie 'n ongeluk nie!**

**Hy verlang na 'n verhouding met jou en nooi jou persoonlik in liefde deur Sy "Brief" aan jou.**

Ken jy nog nie Sy brief nie? Miskien is daar in jou huis iewers een wat nog nie gelees is nie.

'n Persoonlike brief word tog nie onverskillig nagelaat nie. Sorgvuldig word dit gelees, met diepe belangstelling.

Daarom dan, maak God se brief aan jou oop – lees die Bybel!

Besit jy nog nie 'n Bybel nie? Ons sal so bly wees om een vir jou te stuur. Gratis!

Aan die einde van hierdie boekie sal daar meer inligting beskikbaar wees oor hoe jy met ons kan kontak maak.





# 'n Unieke Brief

Ja, jy het reg verstaan:  Die Bybel, die Woord van God is wat hier bedoel word. Daarom dan is die titel " 'n Brief aan Jou" heel gepas. Die rede hoekom hierdie unieke brief so belangrik is, is omdat God die skrywer daarvan is.

Jy sê dalk: "Maar die Bybel is gesryf deur die eeue, deur nagenoeg 40 verskillende mense. Dikwels word hul name nie eens genoem nie."

**Ja, dit is waar, maar God het self Sy boodskap direk aan individue oorgedra:**



**Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.**

Die Bybel – 2 Petrus 1:21



God het hul talente, hul kennis, hul kulturele agtergrond, hul sosiale agtergrond en selfs hul skryfstyl gebruik.

*>>> Woord vir woord het hulle geskryf wat God wou gehad het hulle moes skryf.*

Ons noem dit "inspirasie".

## Die Boeke van die Bybel

> Die Bybel word in 2 dele opgedeel:

> Die Ou Testament (39 boeke)
> Die Nuwe Testament (27 boeke)

> Die Nuwe Testament betaan uit:

> die vier Evangelies
> die Handelinge van die Apostel
> die 21 briewe
> die Openbaring

Die Bybel beantwoord jou vrae oor die lewe.

Deur dit te lees kry jy die geleentheid om te ervaar hoe die liefde van God jou lewe positief kan verander.

Genesis
Eksodus
Levitikus
Númeri
Deuteronomium
Josua
Rigters
Rut
1 Samuel
2 Samuel
1 Konings
2 Konings
I Kronieke
2 Kronieke
Esra
Nehemia
Ester
Job
Psalms
Spreuke v. Salomo
Prediker
Hooglied v. Salomo
Jesaja
Jeremia
Klaagliedere v. Jeremia
Eségiël
Daniël
Hoséa
Joël
Amos
Obadja
Jona
Miga
Nahum
Hábakuk
Sefánja
Haggai
Sagaria
Máleági

Mattéüs
Markus
Lukas
Johannes
Handellinge
Romeine
1 Korinthiërs
2 Korinthiërs
Galásiërs
Efésiërs
Filippense
Kolossense
1 Thessalonicense
2 Thessalonicense
1 Timótheüs
1 Timótheüs
Titus
Filémon
Hebreërs
Jakobus
1 Petrus
2 Petrus
1 Johannes
2 Johannes
3 Johannes
Judas
Openbaring



## "Die Geboë Generasie"

Behoort jy ook aan hierdie generasie? Of beteken hierdie term niks vir jou nie? Lewe jy ook geboë, kop na onder gefokus op 'n skerm van 'n tablet of 'n foon?

Om gedurig op die internet te wees, lei tot 'n oorweldige vloed van inligting wat mens kan verswelg. Is daar niks anders buiten web-swerf, klets en twiet nie? Ure raak verlore, sonder dat ons dit agterkom, waarin ons sintuie gebombardeer word - en dikwels ons siele besoedel word. Nie net dit nie, maar hierdie afleiding weerhou ons om te dink aan God en Sy boodskap aan ons.

**WENK:** As jy God persoonlik wil leer ken, kan jy nie verby die Bybel kom nie. Jy het stilte om jou nodig om dit te lees. Daarom dan, skakel alles af wat jou aandag kan aftrek. Jy sal verbaas staan oor hoe goed dit vir jou is. Jou denke sal opnuut in 'n positiewe, rein manier beïnvloed word soos jy dalk nog nooit voorheen ervaar het nie.

Deur die Bybel te lees sal jy waarheid vind en Iemand leer ken wat waarlik in jou belangstel, jou liefhet en vir jou omgee. Iemand wat jou lewe betekenis wil gee en 'n lonende doel vir jou lewe het.

Op bladsye 62 en 63 is daar 'n voorstel van hoe jy die Bybel kan lees.

**Asseblief gee dit 'n kans!**



# Is die Bybel steeds relevant vandag?

**Baie mense meen dat dit naïef is om 'n "oudmodiese boek van toeka se dae" te lees vandag. Hulle reken dat die hedendaagse mense nie meer die Bybel kan glo nie.**

**Media ondersteun ook hierdie argument en dit word straks aanvaar as reg sonder vraag.**

**Tog , is daar 'n algemene wanbegrip wat reken dat intelligensie en logika die Bybel moet verwerp.**

**In die volgende bladsye sal jy talle feite vind wat bevestig hoe relevant die Bybel is en wat dit beteken.**

**Salig is hulle wat die woord van God hoor en dit bewaar.**

Die Bybel – Lukas 11:28

# 'n Harmonieuse Wonderwerk



Iemand wat ek ken is 'n musiekant wat vele instrumente kan bespeel. Hy gebruik sy rekenaar vir opnames en op so 'n wyse skep hy talle kunswerke.

Hy verduidelik: "Eerstens neem ek my hobo en speel daarmee die sopraan. Dit is dan die opname van die eerste klankbaan.

Daarna word die alt opgeneem, sonder om die eeste opname uit te vee. Op hierdie manier voeg ek nog ses instrumente by, tot en met die diepste bas.



Dan word al agt klankbane saamgevoeg. Wil jy hoor hoe dit klink?"

Wat ek toe aanhoor is 'n pragtige simfonie. Dit is moeilik om te glo dat slegs een musikant dit geskep het!

Net so ook is dit met die Bybel. Dit is geskryf deur meer as 40 verskillende mense. Almal was geïnspireer deur die ongeëwenaarde kunstenaar, God, die Heilige Gees, wat al 40 die "instrumente" laat speel.

**Elke boek van die Bybel het sy eie karakter, maar hul almal is in harmonie met mekaar in God se plan.**

**Hierdie is een van die verstommende wonders van die Bybel!**

**>>> Lees die Bybel sodat jy hierdie unieke harmonie kan ontdek!**







# Tevergeefs gewag...

'n Man, wat niks vir die Bybel omgegee het nie, wou vir 'n jong Christen oortuig dat die Bybel outmodies en teenstrydig met modern bevindings is. Hy wou vir hom 'n paar gekose wetenskaplike artikels en filosofieë oor die onderwerp aanstuur.

Die jong man, standvastig is sy geloof antwoord hom toe. "As jy vir my enigiets **beter as die Bergpredikasie** (Matteus 5-7), enigiets mooier as **die verhaal van die Goeie Samaritaan, die Verlore Seun of die Vrou by die Put** (Lukas 10 en 15 en Johannes 4), enigiets **meer vertroostend as Psalm 23,** of enigiets **beter ken as die wyse waarop God Sy liefde geopenbaar het aan my deur die geskenk van Sy Seun, Jesus Christus of** enigiets wat **meer duidelik die ewigheid beskryf as die Bybel,** stuur dit assebleif aan my so gou as moontlik!"

Hy het tevergeefs vir 'n antwoord gewag.

**Daar is geen ander boek wat met die Bybel vergelyk kan word nie. Die rede is voor die handliggend: Die Bybel is God se boek.**

# Hoe die Bybel na Ons toe Gekom Het

**Hoe, en op wat het mense geskryf?**

3000 vC

As enigeen 'n "brief" wou skryf 5,000 jaar gelede, sou dit nie op papier en met ink gewees het nie. Mense het die sogenaamde spykerskrif gebruik in daadie tyd. Simbole en tekens was gegraveer op klei tablette wat dan gedroog of gebak was.

Tydens opgrawings in die antieke stede, van hedendaagse Sirië en Irak, was duisende klein klei tablette met hierdie spykeskrif gevind.







In min of meer dieselfde tyd, het die Egiptenaars 'n ander piktografiese en simboliese skrif (hiërogliewe), wat gevind kan word in die piramiedes, ontwikkel. Taalkundiges het eeue lank geworstel om hierdie geskrifte van die oudste tale in menslike geskiedenis, te probeer ontsyfer.

1500 vC

Die nadeel van hierdie skryf-style was dat hulle uit honderde simbole bestaan het. Eers in 1500 vC was die alfabet ontwikkel.

1000 vC

Met 'n paar veranderings het die alfabet gou versprei vanaf 1000 vC. Dit is die basis van die Latynse alfabet, wat steeds vandag gebruik word.



Buiten klei, klip of houd het mense later op papirus, wat gemaak was van die pulp van die papirus  plant. Selfs nog later het hulle op perkament (gespesialiseerde velle) geskryf, wat dan in boekrolle gemaak was.



**hierdie wonderlike wyse, het God, Sy Woord bewaar in die tyd wat die Bybel geskryf was, met eenvoudige, dog doeltreffende maniere om dit neer te pen.**

**Skryf, versamel en bewaar**

Moses was een van die eerse skrywers van die Bybel. Ons lees telkemale dat God vir hom die taak gegee het om neer te skryf wat gebeur het.

Met behulp van gekose manne, was verskeie boeke van die ou Testament versamel en versigtig bewaar.

400 vC

In ongeveer 400 vC was die OU TESTAMENT voltooi. Dit was geskryf in die Hebreeuse taal, met 'n paar kort gedeeltes in Aramees.

100 nC

Eers na die dood en opvaarding van die Here Jesus Christus, tot aan die einde van die eerste eeu nC, was die boeke en briewe van die NUWE TESTAMENT geskryf in die Griekse taal van daardie tyd.

Moses het gesterf in ongeveer 1400 vC, dus kan ons sê dat die Bybel oor die periode van 1500 jaar geskryf was.

# Volledig en Voltooid

**Vroeg reeds het die eerste Christene deur die leiding van die  Heilige Gees geweet watter boeke aan die Bybel behoort. Hulle het duidelike kreteria vir die erkenning van 'n boek gehad wat bepaal het of 'n boek eg en onvervals was (die kanonieke boeke) en die wat wel vals was (die apokriewe boeke).**

Martin Luther het die **apokriewe boeke** bestudeer en gesê dat hulle "nie beskou word as gelykstaande aan die Heilige Geskrifte nie". Wanneer hulle gelees word sal jy gou sien dat hulle vol uiterste weersprekinge is, in teenstelling met die boeke van die Bybel.

Fabels oor die Here Jesus en die apostels, vervalsde briewe van bybelse karakters asook foute met geskiedkundige gebeure en verkeerde geografiese inligting is volop in die apokriewe boeke. In 1945, tydens die Raad van Trent, was hierdie boeke verkeerdelik verklaar as "gelykstaande" aan die boeke van die Bybel, tesame met ander bose leerstelllings van die Raad. Dit alles wys daarop dat die apokriewe boeke geen goddelike oorsprong het nie. Daarom is dit belangrik om die Bybel te lees sonder die apokriewe boeke daarby.

**God se Woord sluit 'n verskeidenheid van boeke in wat sorgvuldig uitgekies is onder leiding van die Heilige Gees, wat volledig is vir alle tye.**

**Geregtelik word die Bybel die Heilige Geskrifte genoem, omdat die oorsprong van God is en nie van menslike outoriteit nie. Steeds vandag  word dit beskou as die hoogste outoriteit van ons geloof en lewe.**

**Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.**
Die Bybel – Matteus 24:35

# Betroubare Manuskripte



St. Catherine se klooster in die berge van Sinai. Dit was hier in die middel van die 19de eeu waar Tischendorf die Codex Siniaticus gevind het.

Meer as 5,000 manuskripte en gedeeltes van die Nuwe Testament in die Griekse Taal het behoue gebly. Die mees populêre manuskrip is die "Codec Sinaiticus", 'n Griekse Bybel wat amper heltemal ongedeerd is. Dit was ontdek deur 'n geleerde genaamd Constantine von Tischendorf in die St. Catherine se Klooster by die skiereiland and Sinai in 1859. Hierdie waardevolle bybelse skat het nie net gedeeltes van die Ou Testament bevat nie, maar ook **die volkome 27 boeke van die Nuwe Testament.**

Met al die verskeie manuskripte en gedeeltelike geskrifte van die Nuwe Testament, is daar **nagenoeg 9,000 ou vertalings** van die oorspronklike geskrifte. Daarmee saam **36,000 aanhalings** van die sogenaamde Kerk Vaders wat gelei het tot die amper volmaakte herkonstruksie van die oorspronklike geskrifte deur intensiewe studie en navorsing.

Nie 'n enkele variant werp twyfel op die egtheid van God se boodskap in die Nuwe Testament nie.

**Die akuraatheid waarmee die Bybels geskrifte oorhandig is deur al die eeue is ongeëwenaar.**

# Die Grotte van Qumram

Tydens die lente van 1947, het 'n seun, van die Bedouïense stam, in sy soeke na 'n bok wat afgedwaal het, op die opening van 'n versteekte grot, in die ruwe heuwels van Qumram afgekom, in die omgewing van die westelike strande van die Dooie See.

Met die gooi van 'n klip in die mond van die grot, hoor hy die geluid van klei wat breek. Nuuskierig wonder hy wat dit kon wees.

Versigtig het hy deur die noue opening gekruip en tot sy verbasing op talle kleipotte afgekom waarin daar rolle van leer (boekrolle) was, wat in doeke toegedraai was. Hierdie was antieke, uiters waardevolle manuskripte wat steeds in verbasende goeie toestand was, selfs na 1,900 jaar.

Die herdertjie het 'n boekrol saamgeneem en tot sy verbasing gevind dat argeoloë uiters belanggestel het daarin. 'n Geweldige jagtog het ontstaan na hierdie unieke manuskripte tussen geleerdes en gretige avonturiers.

Die waarde van die boekrolle het verhoog na miljoene. Hierdie sensasionele ontdekking in die grotte van Qumram het die wêreld van die geleerdes in beweging gebring.

Vir ons is die boekrol van Jesaja die belangrikste omdat dit die oudste volledige weergawe van die Bybelse boek is.

Daar bestaan geen twyfel oor die egtheid van die manuskrip wat in die 2de Eeu vC





geskryf was nie. Waneer dit vergelyk word met die 1,000 jaar jonger Masoretiese teks (die Hebreuse teks van die Hebreuse Bybel is) van die boek Jesaja, het geleerdes bevind dat daar verbasend bykans geen verskil was nie! Die teks het ooreen gestem met verstommende akuraatheid!

Weens die feit dat die teks ononderbroke was, was die redenasie, dat die boek oor die eeue heen saamgestel was, die nekslag toegedien en verkeerd bewys.

Onder die groot fonds van Qumram, was daar nagenoeg 250 van die Ou Testamentiese Bybelse teks, wat bewys het dat die eksemplare van die boekrolle met uiterste akkuraatheid oorgelewer was.

**God het Sy Woord bewaar sodat ons vandag in ons hande die onveranderde Woord van God kan hê. God se Woord is soos 'n rots...onwankelbaar.**

**Maar die woord van die Here bly tot in ewigheid.**

Die Bybel – 1 Petrus 1:25

# Bybel Produksie
## << Verlede en Hede >>



Meer as 500 jaar gelede het die ontwikkeling van drukwerk die wêreld verander. Voor dit, as iemand 'n eksemplaar van 'n boek wou hê moes dit met die hand gekopieër word wat vreeslik tydsaam was en boonop 'n fortuin gekos het.

Om die oorspronklike teks te bewaar, was dit noodsaaklik om die oudste manuskripte te ken omdat kopiëring van een na 'n ander die gevaar inhou van foute.





Die ontdekking van verskeie tekse bewys verbasende dinge: die 3,000+ bekende ou manuskripte van die Hebreeuse Bybel, stem verstommend ooreen met mekaar en bevestig die bekende geskrifte. Die oudste dele van die Bybel, wat ontstaan het bykans 3,500 jaar gelede, was presies oorgelewer tot in ons tyd.



Hoe was dit moontlik? In eerbied aan die Heilige Woord van God, het die Jode, 'n groot hoeveelheid reëls aangewend om die akurate kopiëring te waarborg. Byvoorbeeld, enkele letters, of die herhaling van sekere woorde, was getel en herhaaldelik nagegaan.

Vandag kan talle uitgawes van die Bybel ekonomies geproduseer word in 'n japtrap deur die drukkers.

Intussen is daar ook digitale aanlyn Bybels en Bybel programme gratis beskikbaar.



**Maar die Woord van God het gegroei en toegeneem.**

Die Bybel – Handelinge 12:24

# Die Bybel en Wetenskap

Hoe kan 'n boek wat so lank terug geskryf was met sy stellings oor die natuur en geskiedenis altyd reg wees? Waarom is dit onmoontlik om die Bybel wetenskaplik te weerlê?

Daar is talle voorbeelde waar moderne wetenskap traag was om op te vang met die stellings van die Bybel. Hier is twee voorbeelde:

## Is die aarde rond?



God het nooit beweer dat die aarde 'n skyf was en dat die son daarom draai nie. Dit was wat vele wetenskaplikes konsekwent geglo het vir 'n baie lang tyd.

Inteendeel sê God in een van die oudste boeke in die Bybel, Job 26:7 **"voor Hom wat die noorde uitspan oor die chaos, wat die aarde ophang oor 'n niks."**

## Is die haas 'n herkouer?



In Levitikus 11:4 &6 staan geskryf: **"Maar die volgende mag julle nie eet nie van die wat herkou...die haas, want hy herkou..."**

Hierdie stelling van die haas wat 'n herkouer is, was beskou as foutief vir baie eeue.

Daar is egter in die 19de eeu deur wetenskaplikes bevind dat die haas twee verskillende uitskeidings het. Een daarvan word weer geëet sodat die nodige voedingswaardes opgeneem kan word.



Dus is wetenskaplikes genoodsaak om saam te stem met die Bybel keer op keer na jare se navorsing.Daarmee saam is Bybelse stellings nie teenstrydig met hedendaagse wetenskaplike en argeölogiese feite nie.



## Kan dit enigsinds ander wees?

**Sou God, wat die heelal geskape het, en ons Sy Woord (die Bybel) gegee het, Homself weerspreek?**

**Nee, biede hierdie openbarings van God, die SKEPPING en die WOORD, bevestig wedersyds mekaar.**

# Die Boodskap van die Bybel

## > God het jou geskape

**En God het die mens geskape na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.** **Die Bybel – (Genesis 1:27)**

Jy is God se skepsel. Daar is slegs een van jou in die wêreld. Daarmee saam is jou liggaam en al sy funksies – brein, stelsel, organe – is meesterlik gevorm deur God. Daar is geen gedagte van tyd en verandering – soos die onbewysde teorie van evolusie beweer nie. God het die mens geskape "na Sy beeld", met die doel om Homself te verteenwoordig in hierdie skepping.

**Maar, die mens het gesondig en weggedraai van God af.**

## > God klassifiseer jou ook as 'n sondaar.

**Daar is gee onderskeid nie; want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.**
**Die Bybel – Romeine 3:22 & 23**

Om te sondig beteken om in opstand te kom teen God. Daar is geen verskil tussen sonde wat sigbaar gedoen is, in woorde hoorbaar gesê is, of slegs in die gedagtes beöefen is nie. Jesus het self gesê dat haat teenoor 'n ander gelykstaande aan die sonde van moord is!



## > God sal ons regter wees

**En net soos die mense bestem is om eenmaal te sterwe en daarna die oordeel.** **Die Bybel – Hebreërs 9:27**

God is absoluut heilig. Daarom moet Hy eendag die regter oor alles wees wat nie ooreenstem met Sy natuur nie. Die Bybel maak dit baie duidelik dat elkeen wat sterwe sonder vergifnis van hul sondes kan verwag om vir ewig verwyderd van God te wees. In teenstelling met die hemel waar elkeen wat 'n verhouding met die Here Jesus het sal wees, sal daar ook 'n plek genaamd die "hel" of die "poel van vuur" wees. God sal nie daar wees nie, en ook geen moontlikheid om met Hom te kommunikeer nie.

**Tog is daar hoop!**

## > God het 'n diepe belangstelling in jou.

**Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God Sy eniggebore Seun gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.** **Die Bybel- 1 Johannes 4:9**

Kyk op na die kruis op Golgota waar Jesus Christus die straf van God met onuitpreeklike pyn gedra het. Hy was deur God verlaat op die kruis, omdat Hy ons sondes gedra het. Ons kan nie eens begin om te verstaan wat dit beteken het vir die Here Jesus wat geheel en al sonder sonde was nie.

**Kan jy nou sien hoe God jou lief het?**

# God se Hulp + Middel tot Verlossing

Weens ons sonde is ons van God geskei. God kan nie ons pogings om onsself te verbeter aanvaar nie, omdat Hy rein en heilig is moet Hy boosheid veroordeel. Daar is slegs een uitweg: ons moet God se middel tot verlossing aanvaar wat uit Sy hand kom.

**Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.** **Die Bybel – Johannes 3:16**

Sodat God, jou Skepper, openbaar kon word, het Jesus Christus 'n mens geword en tussen ons kom woon op aarde.

Jesus Christus het aan ons God se liefde vertoon. Hy het dit ten volle bewys deur aan die kruis te sterf op Golgota. As jou verteenwoordiger, het Hy op Homself al die straf vit jou sondes geneem – mits jy in Hom glo.

**As jy dit aanneem in geloof en jou sondes teenoor God bely, sal Hy jou vergewe en die ewige lewe gee.**

**As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.**
**Die Bybel – 1 Johannes 1:9**

Jesus Christus leef! Hy het opgestaan uit die dood en het opgevaar na die hemel.

Hierdie blye tyding word al vir 2,000 jaar verkondig. Verlossing is daarom beskikbaar vir alle mense. Elkeen wat glo in die Here Jesus – die enigste Verlosser – sal verlos word van God se ewige oordeel. Elkeen wat hierdie verlossing van die Here Jesus aanneem in geloof, sal regverdig verklaar word voor God.

**En hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.**
**Die Bybel – Romeine 3:24**



# Goddelike Beloftes

Om dit op te som, die goddelike brief, die Bybel sê:

**1. God is heilig.**

> *Hy moet sonde veroordeel en straf.*

**2. God is liefde.**

> *Hy wil al jou sondes vergewe.*

God kan jou sondes vergewe omdat Sy Seun, Jesus Christus, die straf van sonde op homself geneem het en so die betaling gemaak het, wat noodsaaklik was om vrede te bewerkstellig met hierdie heilige God.

Maar om vergifnis persoonlik te ontvang is dit noodsaaklik om opreg jou sondes voor God te bely en met jou hele hart te glo dat Jesus Christus, as jou Saligmaker en Verlosser, vir jou gesterf het op die kruis.

**Dan het God meer as 1,000 onomkeerbare stellings reg vir jou in Sy Woord, die Bybel.**

**Hier is 'n paar van die stellings >>>**

**Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.**

**Die Bybel – Johannes 3:36**

**Wie die woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.**

**Die Bybel – Johannes 5:24**

**Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo.**

**Die Bybel – Johannes 1:12**

**Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!**

**Die Bybel – Jesaja 43 :1**

# Die Verlore Seun

## 'n Verhaal uit die Bybel

'n Man het twee seuns gehad. En die jongste van hulle het vir die vader gesê: Vader, gee my die deel van die eiendom wat my toekom. En hy het die goed tussen hulle verdeel. En nie baie dae daarna nie het die jongste seun alles bymekaargemaak en weggereis na 'n ver land. En daar het hy sy eiendom verkwis deur losbandig te lewe. En toe hy alles deurgebring het, kom daar 'n swaar hongersnood in daardie land, en hy het begin gebrek ly. Toe het hy hom by een van die burgers van daardie land gaan voeg. En dié het hom in sy veld gestuur om varke op te pas. En hy het verlang om sy maag te vul met die peule wat die varke eet, en niemand het dit aan hom gegee nie. Maar hy het tot homself gekom en gesê: Hoe baie huurlinge van my vader het oorvloed van brood, en ek vergaan van honger! Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u, en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge.En hy het opgestaan en na sy vader gegaan. En toe hy nog ver was, het sy vader hom gesien en innig jammer vir hom gevoel en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen. En die seun sê vir hom: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie werd om u seun genoem te word nie. Maar die vader sê vir sy diensknegte: Bring die beste kleed en trek hom dit aan, en gee 'n ring vir sy hand en skoene vir sy voete. Want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind. En hulle het begin vrolik word. En sy oudste seun was in die veld, en terwyl hy al nader na die huis kom, hoor hy musiek en beurtsange. En hy roep een van die diensknegte na hom toe en vra wat dit beteken. Dié sê toe vir hom: U broer het gekom, en u vader het die vetgemaakte kalf geslag, omdat hy hom gesond teruggekry het. En hy het kwaad geword en wou nie binnegaan nie. Sy vader gaan toe uit en smeek hom. Maar hy antwoord en sê vir sy vader: Kyk, ek dien u so baie jare en ek het nooit u gebod oortree nie, en vir my het u nooit 'n bokkie gegee, sodat ek saam met my vriende vrolik kon wees nie. Maar toe hierdie seun van u kom, wat u goed met hoere deurgebring het, het u vir hom die vetgemaakte kalf geslag. Toe sê hy vir hom: Kind, jy is altyd by my, en al wat myne is, is joune. Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind.

Die Bybel – Lukas 15:11-32




# Baie Godsdienste – Almal Dieselfde God?

Oor die algemeen word daar gedink dat alle gelowe na een God toe lei, maar net op verskillende maniere.

Hierdie idee is direk in teenstelling met die Bybel. Jesus Christus het self gesê: "Ek is die weg, die waarheid, en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." (Johannes 14:6)

Hierdie waarheid word oor die algemeen vandag ontken.

Hier is 'n voorbeeld van 'n vergelyking tussen die Quran en die Bybel wat duidelik bewys dat "Allah van Islam" oonmoontlik die God van die Bybel is.

**QURAN**

Glo daarom in Allah en Sy boodskappers. En sê nie: Drie-enige, nie...Allah is 'n enkele God. Dit is ver van Sy heiligheid dat Hy 'n seun sou hê.
Die Quran –aangehaal uit Surah 4

**BYBEL**

**Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy enniggebore Seun gegee het,sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.** Die Bybel – Johannes 3:16



**QURAN**

En omdat hulle sê: Ons het die Messias, Jesus, die seun van Maria, die boodskapper van Allah, omgebring – en hulle het hom nie gedood nie, en ook nie tot die dood toe gekruisig nie, maar dit het vir hulle gelyk asof dit so is. Die Quran vanuit Surah 4

**BYBEL**

**Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God...maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke.**
Die Bybel – 1 Korinthiërs 1:18&23

Die Quran ontken duidelik dat "Allah" nie 'n seun het nie, dat God nie drie-enig is nie en dat Jesus Christus nie aan die kruis gesterf het nie. Maar die God van die Bybel is die lewende God. In Sy liefde vir ons het Hy Sy enniggebore Seun gegee as offer vir ons sondes deurdat Hy God se oordeel gedra en gesterwe het. Daarom kan "Allah" onmoontlik nie die God van die Bybel wees en die Vader van ons Here Jesus Christus nie.

## Terloops: Bybelse Christenskap is nie 'n godsdiens nie!

**In verskeie gelowe regoor die wêreld probeer mense 'n weg vind na God deur hul eie pogings.**

**Maar die Bybel wys ons 'n heilige God, wat afgekom het aarde toe, in Sy Seun Jesus Christus, sodat elkeen wat in Hom glo en hul sondes bely voor Hom gered mag word.**

**Aan hom egter wat nie werk nie,maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregverdigheid gereken.** Die Bybel – Romeine 4:5

# Beskou die toekoms



Die Bybel gee vir ons betroubare stellings aangaande die toekoms.

Ons is vandag omring deur besorgdheid, hartseer, dood, onsedelikheid, geweld, hongersnood, oorloë, natuur rampe, finansiële krisisse, tragedies, terrorisme...!

Maar Jesus Christus sal binnekort weer terugkom! God sê baie duidelik in Sy Woord dat die dae kort voor Sy terugkoms geëien sal word aan hierdie gebeure. Hy wat die Woord bestudeer weet ook hoe dinge sal verloop.

God sal die wêreld oordeel wat weggedraai het van Hom af en wat nou in sonde leef. Tog, **"verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, omdat Hy die dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregrigheid sal oordeel..."** (Handelinge 17:30&31).

Dit sal gebeur deur Sy Seun Jesus Christus wat sal terugkom, uit die hemel, om te oordeel. Hy die veragte en gekruisigde Een, sal terugkom as oorwinnaar en met heerskappy en outoriteit van die hoogste regter. Hy is die een **"wat deur God bestem is as Regter van die lewende en die dode."** (Handelinge 10:42).

**Oordeel is seker – maar daar is hoop vir jou!**



Die Bybel het in detail die geboorte van Jesus Christus, Sy dood en opstanding, voorspel eeue voor die gebeure. Soos Jesus Christus Sy lewe vir jou gegee het, so offer God Sy genade en vergifnis self vandag nog aan jou.

**Kom vandag, sê die Here – môre mag dalk te laat wees.**

**Kyk nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van heil.** Die Bybel – 2 Korinthiërs 6:2

Neem God se offer aan en jy sal die ewige verlossing van die goddelike oordeel ontvang. Om dit te kan doen, moet jy na Hom toe kom en jou sondes bely.

Die almagtige God het in die Bybel met akkuraatheid voorspel: geen mens is daartoe instaat nie. Honderde profesië in die Bybel is sonder twyfel in vervulling gebring. Die Bybel het verskeie koninkryke eeue vooraf voorspel, die geboorte van Jesus Christus, die verwoesting van Jerusalem in 70 nC, die verstrooïng van die Jode regoor die hele wêreld ens.

**Dit alles bewys op unieke wyse dat die Bybel die Woord van God is.**

Die Bybel sê byvoorbeeld van die Jode in Deuteronomeum 28 : 64 & 65 **"en die Here sal jou verstrooi onder al die volke, van die een einde van die aarde...En onder dié nasies sal jy geen rus hê nie, en vir jou voetstoel sal daar geen rusplek wees nie."**

**>> Beoordeel self of dit in vervulling gekom het of nie!**

# Die Lewe is kort

## en Spoed Verby soos 'n rolprent

**Vandag** moet jy jouself gereed maak om God te ontmoet.
Wil jy steeds uitstel om jou na God toe te keer?
Dan sal dit eendag vir jou te laat wees!

























**Daarom:**

*Laat julle met God versoen.*

Die Bybel – 2 Korinthiërs 5:20





# Treffende Opmerkings oor die Bybel

"Ek het die Heilige Skrif in die fynste besonderhede bestudeer vir 40 jaar en my geloof is sterker vandag as wat dit 40 jaar gelede was. Elke belofte is betroubaar en waar."

Hudson Taylor (1832-1905) Sendeling in China

"Ek het die Heilige Skrif gereeld en sorgvuldig gelees en is oortuig dat hierdie ou boek bevat meer grootsheid en skoonheid van taal as enige ander boek, ten spyte van hul ouderdom of taal waarin dit geskryf is."

Sir William Jones (1746-1794), een van die grootste begaafde taalkundiges (28 tale) en deskundige van die Ooste

"Hoe arm en veragtelik is die woorde van ons filosowe met al hul weersprekings in vergelyking met die Bybel. Is dit moontlik dat 'n boek wat so eenvoudig en terselfdetyd so volledig net uit meslike woorde bestaan?"

Jean Jacques Rousseau (1712-1778), filosoof



"Die Bybel is beide 'n unieke historiese dokument asook 'n betroubare historiese bron. Dit het ook gelei tot duisende betroubare historiese fondse en het uitgebreide literatuur oor eertydse kulture geword. Die Bybel is nog altyd as waar bevind waar ookal dit kon bewys word, selfs in die beskrywing van die fynste detail van merkwaardige gebeure."

Dave Balsinger en Charles E. Seller,
Amerikaanse argeöloog.

"In die Bybel sal jy groot waarhede vind wat ver bo ons menslike verstand is en wat net bewys hoe beperk ons menslike denke regtig is. Nietemin, in die hoof en fundamentele stellings is die Bybel nie moeilik om te verstaan nie."

Charles H. Spurgeon (1834-1892), herlewings prediker

"Die Bybel is die enigste inligtings dokument, van God, wat ons het in menslike taal. Dit is die rede hoekon die Bybel uniek en absoluut betroubaar is in sy geheel.

Dit is nie wetenskap, filosofie of ideologie wat die Bybel as korrek bewys nie, inteendeel die Bybel is by magte om ons wese te reinig van verkeerde denke."

Prof. Dr. Werner Gitt,die voormalige Hoof van die
Inligtings Tegnologiese Departement te PTB Braunschweig

**Dit is so maklik om die Bybel aan te kla as foutief, maar dit is geheel en al 'n ander saak om sulke aanklagte te bewys.**

# Vertaling van die Oorspronklike Teks

Bybel vertaling is moeilike werk.

Beide die Hereeuse teks van die Ou Testament en die Griekse teks van die Nuwe Testament bevat slegs hoofletters wat baie na aan mekaar geskryf is sonder enige leestekens soos kommas en punte. Daarom is dit baie moeilik vir taalkundiges om te bepaal waar 'n nuwe sin begin.

Daarmee saam, is daar geen klinkers in Hebreeus soos a,e,i,o,u, maar slegs medeklinkers soos b,k,t,ens.

Jy moet self die klinkers byvoeg. Genesis 1:1 lyk dan min of meer so iets:

NDBGNHTGDDHNDRDGSKP

Sou dit vir jou moontlik gewees het om die sin te eien as: " In die begin, het God die hemel en die aarde geskape."? Ons kan dus baie dankbaar wees vir die kundiges wat die manuskripte gevind, bestudeer en vertaal het.

Koning James het ook 'n belangrike bydra gelewer ongeveer 400jaar gelede toe hy die Bybel in Engels laat vertaal het. Sederdien is taalkundiges steeds besig om vertalings te verfyn en te verbeter om te verseker dat dit steeds verstaanbaar is.





In die Engelse taal is daar talle vertalings van die Bybel. Hulle verskil spesifiek met betrekking tot die vraag of hulle akkuraat die oospronklike teks verteenwoordig. Ongelukkig wyk sommige moderne vertalings van die Bybel so ver af van die oorspronklike teks, dat die erns van sekere skrif verlore raak. Bv. as die woord "sonde" vertaal word met "fout".

Om seker te maak dat jy werklik lees wat God laat neerskryf het in die Bybel, stel ons voor dat jy 'n vertaling kry wat na aan die oorsproklike teks is.

Huidiglik, is die Bybel of gedeeltes van die Bybel beskikbaar in meer as 2.900 tale. Rofweg 97% van die wêreld se populasie het die moontlikheid om dele van die Bybel te kan lees.

Tog is daar vertalers wat hulself opoffer om die Bybel te vertaal, in meer tale, in die mees afgeleë plekke op aarde. Dikwels is dit baie moeilik omdat hulle eers 'n geskrewe taal moet skep.

**Die Bybel het die bekendste, mees wyd verspryde boek geword in die wêreld. Die hoeveelheid vertalings (soms gedeeltelik) in ander tale, het vinnig gegroei in die laaste 200 jaar.**

| | |
|---|---|
| Teen die jaar 1800, | Vertalings in 75 tale was geproduseer. |
| Teen die jaar 1900, | Was daar 567 vertalings. |
| Teen die jaar 1953, | was daar 1167 |
| Teen die jaar 1978, | die getal het gegroei tot 1600. |
| Teen die jaar 2017, | die Bybel (en dele daarvan) was vertaal in amper 3,000 tale! |

# Die Boek vir Alle Mense

**> geskryf deur 40 mense,**
**> vertaal deur honderde,**
**> gedruk deur duisende,**
**> gelees deur miljoene.**

Geen ander boek was nog ooit versprei na so baie tale en kulture as die Bybel nie. Dit is die mees wyd gelese boek in die wêreld.

Op die volgede 3 bladsye kan die Bybel vers Johannes 3:16 gelees word in verskillende tale.

**Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.**

Hierdie vers, ook genoem "die hart van die Bybel," som die goeie nuus van God op aan alle mense.

**> God het jou so lief dat Hy Sy Seun vir jou gegee het.**

**> Deur geloof in Hom sal jy gered word.**



## Kikongo — Kongo

**Kadi muna nzola kazolele nza o Nzambi i kavanin'o Mwan'andi amosi, kimana konso on okwikilanga muna yandi ke vila ko, moys a mvu ya mvu kevwa.**

## Hebreeus — Israel

כִּי כֹּה אָהַב אֱלֹהִים אֶת הָעוֹלָם עַד כִּי נָתַן אֶת בְּנוֹ יְחִידוֹ
לְמַעַן לֹא יֹאבַד כָּל הַמַּאֲמִין בּוֹ, אֶלָּא יִנְחַל חַיֵּי עוֹלָם.

## Turks — Turkye

**Çünkü Tanrı dünyayı o kadar çok sevdi ki, biricik Oğlu'nu verdi. Öyle ki, O'na iman edenlerin hiçbiri mahvolmasın, hepsi sonsuz yaşama kavuşsun.**

## Bengalies — Indië

কারন ঈশ্বর এই জগতকে এতোই ভালবাসেন, যে, তিনি তার একমাত্র জন্মগ্রহণ পুত্রকে দিলেন যেন যে কেউ সেই পুত্রের উপর বিশ্বাস করে সে বিনষ্ট হয় না বরং অনন্ত জীবন লাভ করে

## Hongaars — Hongarye

*Úgy szerette Isten a világot, hogy egyszülött Fiát adta, hogy aki hisz őbenne, el ne vesszen, hanem örök élete legyen.*

## Burmees — Myanmar

ဘုရားသခင်၏သားတော်ကိုယုံကြည်သောသူအပေါင်းတို့သည်ပျက်စီးခြင်းသို့မရောက်ထာဝရအသက်ကို ရစေခြင်းငှါဘုရားသခင်သည်မိမိ၌တပါးတည်းသောသားတော်ကိုစွန့်တော်မူသည်တိုင်အောင် လောကီသားတို့ကိုချစ်တော်မူ၏။

## Shinees — Shina

神爱世人，甚至将祂的独生子赐给他们，
叫一切信祂的，不至灭亡，反得永生。

## Amharies — Ethiopië

በእርሱ የሚያምን ሁሉ የዘላለም ሕይወት እንዲኖረው
እንጂ እንዳይጠፋ እግዚአብሔር አንድያ ልጁን እስኪሰጥ
ድረስ ዓለሙን እንዲሁ ወዶአልና።

## Grieks — Griekeland

**Επειδή, με τέτοιον τρόπο αγάπησε ο Θεός τον κόσμο, ώστε έδωσε τον Υιό του τον μονογενή, για να μη χαθεί κανένας ο οποίος πιστεύει σ‘ αυτόν, αλλά να έχει αιώνια ζωή.**

## Arabies — Egipte

لأنَّهُ هكذا أحَبَّ اللهُ العالَمَ حتَّى بَذَلَ
ابنَهُ الوَحيدَ، لكَيْ لا يَهلِكَ كُلُّ مَنْ يؤمِنُ بهِ،
بل تكونُ لهُ الحياةُ الأبديَّةُ.

## Russies — Rusland

**Ибо так возлюбил Бог мир, что отдал Сына Своего единородного, дабы всякий, верующий в Него, не погиб, но имел жизнь вечную.**



## Portigeus — Portugal

*Porque Deus amou o mundo de tal maneira que deu o seu Filho unigênito, para que todo aquele que nele crê não pereça, mas tenha a vida eterna.*

## Japanees — Japan

神は、実に、そのひとり子をお与えになったほどに、世を愛された。それは御子を信じる者が、ひとりとして滅びることなく、永遠のいのちを持つためである。

## Telugu — Indië

దేవుడు లోకమును ఎంతో ప్రేమించెను. కాగా ఆయన
తన అద్వితీయ కుమారునిగా పుట్టిన వానియందు
విశ్వాసముంచు ప్రతివాడును నశింపక నిత్య జీవము
పొందునట్లు ఆయనను అనుగ్రహించెను.

## Pools — Poland

Albowiem tak Bóg umiłował świat, że Syna swego Jednorodzonego dał, aby każdy, kto weń wierzy, nie zginął, ale miał żywot wieczny.

## Duits — Duitsland

**Denn so hat Gott die Welt geliebt, dass er seinen eingeborenen Sohn gab, damit jeder, der an ihn glaubt, nicht verloren gehe, sondern ewiges Leben habe.**

# Jy kan die Bybel op Verskeie Maniere Lees:

- Jy kan dit
  **as deel van antieke literatuur**
  lees om jou nuuskierigheid te versadig.
- Jy kan dit
  **as 'n geskiedkundige boek**
  lees om inligting oor die verlede te kry.
- Jy kan dit
  **uitsluitlik intellektueel** lees om stellings te ontleed en krities te beoordeel.
- Jy kan egter die Bybel
  **in geloof** lees as God se boodskap vir jou vandag.

Indien jy die Bybel lees as God se boodskap, sal die liefde van God, wat sigbaar is deur die Here Jesus, tot jou hart spreek. Jou gewete sal ook verlig word soos wat die Here Jesus lig werp op Sy woorde en dade.





INTERESSANT

## Die kleinste gedrukte Bybel

**> volledige Bybel**

Die kleinste gedrukte Bybel waarvan ons weet is net 'n bietjie groter as 'n R5 muntstuk. Hier die Bybel is 2.8cm lank, 3.4 cm wyd en 1cm dik en spog met 1514 bladsye. Dit kan gelees word met 'n vergrootglas.



## Die kleinste Ou Testament ooit

**> op 'n digitale mikrochip**

In 2008 het Israeli wetenskaplikes van die Tegnologiese Instituut in Haifa, dit reggekry om die Ou Testament te skryf op 'n 0.5 $mm^2$. Meer as 300,000woorde van die Ou Testament in Hebreeus was gelaai op 'n silikon mikroskyf die grootte van 'n suiker korrel. Dit was slegs met die hulp van nano-tegnologie dat so 'n mini-data komponent gebou kon word. Om die teks te lees moet die formaat eers omgesit word in 'n ander formaat en dan 10,000 keer vergroot word.

## Kan dit enigsinds nog kleiner wees?

**> DNA – die data-stoor formaat van die toekoms**

God, ons Skepper, het in elkeen van ons selle, in ons liggame, 'n verstommende data-bank geplant. HIerdie vermoë om data te stoor oortref enigiets bekend aan die mensdom, tog: Die DNA-string het 'n deusneë van 2 miljoenste van 'n millimeter. Daarin is onmeetbare inligting opgesluit oor die genetika van elke mens. As ons die vermoë gehad het om die reeds bestaande inligting van DNA wat in die grootte van 'n suiker korrel bevind is, te kon skryf en lees, sou ons ooreenkomstig omtrent een biljoen Bybels daarop kon laai. Wetenskaplikes meen dat ons in die toekoms reusagtige DNA data-banke beskikbaar sal hê.

# Jesus - Ons Beste Vriend



Kinders was aangetrokke tot Hom. Hy het graag hulle in Sy arms geneem.

Hy was magtig! Die storm het vreesagtige golwe rondgeslinger en sodoende die boot in gevaar gebring waarop Hy was. Nadat Hy die storm aangespreek het, het die see onmiddelik bedaar.

Hy het die siekes gesond gemaak en Hom ontferm oor almal – die armes asook die rykes.

Hy het die sonde in hul harte gesien, die oorsprong van alle ellende. Tog was 'n vrou met 'n twyfelagtige reputasie nie bevrees vir Hom nie. Met berou oor haar eie boosheid, het sy na Hom toe gekom en Hy het haar sondes vergewe.

Hulle het Hom gevange geneem! En besluit dat Hy moet weg. Hy was so rein en heilig – en dit het nie by hul sondige kondisie ingepas nie. Daarom moes hulle eerder van Hom ontslae raak.

**Hy was aan 'n kruis vasgenael.**

Wat hulle nie verstaan het nie, was dat Hy dit alles vooruit geweet het! Hy, Die Seun van God, het van die hemel neergedaal om te kom sterwe. Sy doel was om ons almal te red van die dood, die ewige dood.



**Maar wat 'n vreugde!** Hy het nie in die graf gebly nie. Hy het opgestaan uit die dood. Hy woon nou in die hemel. Hy sien ons en het medelye met ons.Hy ken jou en wil jou graag vergewe van al jou skuld, as jy ware berou oor jou sonde het en dit teenoor Hom bely, net soos die vrou wat ons vroeër genoem het.

"Ja", is wat Hy dan sal sê, "Ek vergewe jou sonde nou, omdat ek reeds die straf daarvoor op die kruis gedra het."

**Dan begin 'n nuwe verhaal:** die verhaal van jou nuwe lewe, 'n veranderde lewe, omdat dit heeltemal anders sal wees as jou lewe tot nou toe. Hy sal vir jou 'n beste vriend word. Nou sal jy enige saak met Hom kan bespreek (dit is wat ons "bid" noem). 'n Hunkering om Sy Woord te lees sal in jou ontwaak, sodat jy Hom beter kan leer ken.

Die Bybel sal vir jou 'n fasinerende boek word. 'n Begeerte om meer te leer van die Here Jesus elke dag, sal ontstaan.

Hy wil net jou beste vriend wees!





# Groot Reiniging

Hoe verskriklik het die jong man se kamer muur gelyk!

Dit was bedek met walglike foto's en plakkate. Eendag het sy oom wat 'n kunstenaar is kom kuier. Hy was hartseer oor die onooglike muur, maar het niks gesê nie.

'n Paar dae daarna ontvang die nefie 'n besonderse mooi en kosbare skildery van sy oom af. Die skildery kry toe 'n ereplek op die muur nadat hy 'n paar prente verwyder het.

Van toe af is dit asof 'n reiner atmosfeer in die kamer heers en een vir een het die ander prente teen die muur verdwyn. Hulle het eenvoudig net nie meer ingepas nie.

Wanneer jy tyd in die Bybel spandeer, is dit heel moontlik dat die en daai van jou muur sal verdwyn asook jou boekrak, fliek versameling of musiek versameling. Miskien ook van jou data, speletjies of skakels op jou rekenaar of foon sal moet uitgevee word.

Wie weet- dalk sal dinge in die duistere hoekies van jou hart ook verdwyn.

**Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. Watter gemeenskap het die lig met die duisternis?**

Die Bybel – 2 Korinthiërs 5:17,6:14

# Die Mees Interessante Storieboek in die Wêreld!

"Mamma, moenie ophou nie! Asseblief lees nog? Die storie is oopwindend, asseblief lees tot by die einde?" Inderdaad, die storie is vol opwinding:



**Josef, was gehaat deur sy broers, in 'n put gegooi, uitgehaal om aan die Egiptenare as slaaf verkoop te word, waar hy onskuldig in die gevangenis gegooi is. Tog word hy eerste minister van Egipte en red sy familie van hongersnood.**

Die Bybel – Genesis 37-50

Die Bybel is propvol opwindende, feitlike verhale soos hierdie wat tot diepe nadenke lei en ons harte diep raak.

Die Bybel – Daniël 3

**Dink byvoorbeeld aan Daniël se drie vriende, wat gewyer het om voor die koning se beeld neer te buig en wat in die vuuroond gegooi is. Nietemin kom hulle ongedeerd daaruit.**



**Die Bybel is 'n opwindende boek, selfs vir jong mense!**

# Al ooit Belladonna Geëet?



(Atropa belladonna)

Die gif van belladonna is lewensgevaarlik. "Maar ek wil dit probeer, want ek is seker dit sal my nie benadeel soos vir ander nie."

As enigiemand so iets sê sou mens wonder of hulle by hul volle verstand is. Doen ons nie dikwels iets soortgelyk nie? Ons delf dieper en dieper in die wêreld van die media, waar God se standaard vir die huwelik en die familie verontagsaam word. Ons lees stories waarin die okkulte beöefen en beskryf word, waarin leuens en sameswering op die agenda is. Ons wil die dinge "probeer" om te bewys dat ons nie daardeur benadeel kan word nie.

Die Bybel sê dat ons die "oor moet toestop" en die "oë moet sluit" sodat ons nie boosheid kan sien of hoor nie. (Jesaja 33:15). Daarom is hier 'n goeie brokkie raad:

**>>> Moenie belladonna eet nie!**

Moet dit nie eens in jou huis toelaat nie! Vermy alles wat nie ooreenstem met God se gedagtes nie. God wil ons bewaar van sondige invloede en boosheid, en Hy sal, mits ons die Bybel lees. God se Woord is rein, heilig en waar, lewendig en ewig. Dit wys die pad na ware geluk en opregte vrede.

**U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.** Die Bybel – Psalm 119:105



# Psalm 23

*>> 'n wel bekende gedeelte in die Bybel <<*



**Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie.**

**Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.**

**Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.**

**Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: U stok en U staf dié vertroos my.**

**U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.**

**Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae.**

'N PSALM VAN DAWID

**Hierdie Psalm is gerig aan elke persoon. Is daar enigiets beter as om te kan sê: "Die Here is my herder?"**

**In tye van nood, selfs wanneer ons die dood in die oë staar, kan ons egte vertroosting ervaar. "Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee...U is met my."**

# Die Beste Bewyse

In die mark het die vrugte verkoper by haar stalletjie gesit. Elke oomblik wanneer daar niemand by haar stalletjie is nie benut sy deur haar Bybel te lees, wat vir haar so kosbaar is.

“Wat is dit wat jy so aanhoudend lees?” vra ‘n gereelde kliënt. **“My Bybel, die Woord van God.”** “Hoe weet jy dat dit die Woord van God is? Wie het dit vir jou gesê?” “God self” “O, het God Self dit vir jou gesê?” vra die man spottend.

Vir ‘n oomblik was sy sonder woorde omdat sy nie geweet het hoe om te bewys **dat die Bybel inderdaad God se Woord is** nie. Sy wys toe na die helder son en vra die man: “Kan jy bewys dat dit die son is?” “Bewys aan jou?” vra hy, **“Dis heel eenvoudig. Die beste bewys is dat dit vir my lig en hitte gee.”**

“Presies! Daar is dit!” antwoord sy opgewonde. **“Die beste bewys dat hierdie die Woord van God is, is dat dit vir my lig en warmte in my siel gee.”**





# Die Gebakte Bybel

Jan Hus, oftewel Johannes Hus, kan beide die hervormer en die Bohemiese martelaar genoem word. Deur sy lewende getuienis, is vele oë geopen vir die waarheid van die volkome verlossingswerk deur die Here Jesus Christus.

Maar hierdie openbare verkondiging van die Evangelie het nie lank geduur in hierdie land nie. Jan Hus was op die brandstapel verbrand en die bloed van ander Christene het in die strate gevloei terwyl ‘n soektog voortgesit is na Bybels met die doel om hulle te vernietig.



Dit was in hierdie tyd, dat ‘n vrou, wie se grootste skat die Woord van God was, voor haar oond gestaan het om brood te bak. Sy het skielik verneem van die soektog in die dorpie en die arrestasies van almal wat met ‘n Bybel betrap is.

Sy neem toe haar Bybel en verberg dit in ‘n groot bondel deeg en steek dit in die oond tesame met ander brode.

Nie lank daarna nie, was haar huis ook deursoek. Alles was omgekeer ,van die kelder tot in die solder, maar tevergeefs.

Nadat die vervolgers die huis verlaat het, was die brode gebak en uit die oond gehaal. En voorwaar, die Bybel het so min skade opgedoen as wat Sadrag, Meseg en Abed-Nego, wat in die brandende vuuroond gegooi was. Die Bybel vertel die verhaal van hoe hulle ongedeerd uit die vuuroond uitgekom het.
Die Bybel – Daniël 3

**Here, my God, by U skuil ek; verlos my van al my vervolgers en red my.** Die Bybel – Psalm 7:1



# Kolskoot

**"Die Bybel is nie vir my nie", het Petrus vir sy vriend gesê, "daar's net soveel daarin geskryf wat ek nie verstaan nie."**

**Ken het vir 'n oomblik nagedink. Hy was daarvan bewus dat Petrus net verskonings gemaak het. Dit was net gister dat hy iets van die buurman se erf gesteel het. Daarom antwoord Ken: "Een ding is in die Bybel geskryf wat jy verseker verstaan." "Ja, wat is dit?" "Jy mag nie steel nie!"**

**Dit was soos 'n pyl wat in Petrus se hart in skiet. Nadenkend oor die vorige dag, het hy stil weggeloop.**

**Wie verkeerd van hart is,**
**vind die goeie nie;**
**en hy wat vals is met sy tong,**
**val in die ongeluk.** Die Bybel – Spreuke 17:20

# Die Bybel wat weggegooi was

Oppad huistoe vir die naweek, het 'n aantal soldate saam gereis terwyl hulle luidrugtig met mekaar skerts en grap.

'n Jong soldaat het eenkant in die hoekie van die kompartement van die trein gesit, besig om sy sak Bybeltjie te lees. Skielik spring 'n ander soldaat op en sê: "Kom ons terg hom so 'n bietjie." Hy gryp toe die Bybeltjie en gooi dit by die venster uit.

Dit alles het blitsvinnig gebeur  en die Bybeltjie beland toe op die treinspoor. Het die soldaat in woede opgespring? Nee, hy het onthou dat die Here Jesus gesê het: **"Ek is sagmoedig en nederig van hart"** (Mattheus 11:29) Hy was ontsteld, maar het stil gebly.

'n Paar weke later, het hierdie jongman 'n pakkie ontvang met sy Bbybeltjie daarin. Ingesluit was 'n baie interessante brief. 'n Spoorweg werker, wat op die treinspoor gewerk het, het die Bybeltjie gevind. Toe hy dit oopmaak en begin lees, praat die Here tot sy hart. Tot en met hierdie stadium van sy lewe het hy in groot vrees gelewe weens 'n skuldige gewete, maar deur die lees van die Bybeltjie kon hy vergifnis vind vir sy sondes deur te glo in die verlossingswerk van die Here Jesus. Dit was toe dat die jong soldaat geweet het hoekom hy vir 'n paar weke sonder sy Bybeltjie moes wees. God het 'n wonderlike wyse waarop hy by die harte van mense uitkom, en die Satan, die groot vyand van God, het weereens 'n neerlaag gely.

**Want julle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is...** Die Bybel – Genesis 50:20



# Die Geskeurde Bybel

Baie dekades gelede, was daar 'n veiling van huisware in 'n klein dorpie. Tussen alles was 'n groot ou Bybel, maar niemand het veel aandag daaraan gegee nie. Uiteindelik het 'n handelaar 'n bod ingesit vir 'n paar pennies, waarna hy dit kon huistoe neem.

Hierdie praktiese denkende handelaar wou die bladsye gebruik om sy ware wat hy verkoop in toe te draai. Hy het egter nie gedink aan die ontsaglike waarde wat hierdie bladsye gehad het nie. Die Here het gesê: **"My woord sal nie leeg na My terugkeer nie"** (Jesaja 55:11)



In dieselfde dorpie het 'n man gewoon wat gedurig in diepe siele-wroeging was weens die skuld wat hy gedra het omdat hy skuldig was aan iemand se dood. Hy kon geen rus vind, bedags of snags nie. Die woord "moordenaar" was altyd voor sy oë in helder, gloeiende letters. Eendag stuur hy sy seun winkel toe om iets te gaan koop. Toe sy seun terugkom is die item toegedraai in 'n bladsy van hierdie ou Bybel. Skielik sien hy hierdie vers in Hebreërs 9:22 voor sy oë: **"Sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie."**



Aan die begin kon hy nie verstaan wat die woorde beteken nie. Tog was hy soekend vir vergifnis. Hy was gedetermineer om ten alle koste meer te leer. So stuur hy toe sy seun terug na die handerlaar, wat teen dié tyd begin het om bladsye uit 1 Johannes uit te skeur. Toe die man met die swaar skuld-las oor sy sonde die bladsy lees, het die las onmiddelik van sy gemoed afgeva,l toe hy lees: **"Die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde"** en **"As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig."** (1 Johannes 1:7&9).

Hierdie woorde skyn toe in sy donker siel soos 'n helder lig. Hy het ervaar dat die bloed van die Here Jesus Christus, wat aan die kruis gestort is, by magte is om alle sonde weg te was. Daardeur kan elkeen wat hul sonde teenoor God bely volkome vrede ondervind vir hul hart en gewete.

Die Woord van God het 'n seën geword vir miljoene mense. Baie dikwels was dit net 'n enkele vers of 'n bladsy van die Bybel. "Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard..."(Hebreërs 4:12).
Op hierdie wyse het God dikwels harde en selfs verpletterde harte "geskud".

Selfs 'n geskeurde Bybel kan iemand lei tot ware vreugde.

# God se Woord is die Waarheid

God se Woord is die waarheid. Dit tref sommiges in hul gewetes, wys waar hulle verkeerd is, en maak hulle rusteloos en ongemaklik. Dit veroorsaak dat baie die Bybel vrees, daarom dat sommige probeer het om dit te vernietig.

# God se Woord Staan tot in Ewigheid

Maar God waak oor Sy eie Woord en sal nie toelaat dat dit vernietig word nie.

**Sou jy al die boeke wat teen die Bybel praat op mekaar stapel, en die stapel sou so hoog as die piramiedes van Giza wees. Lê dan die Bybel daarlangs. Die Bybel is ongeskonde. Dit is oorwinnend en het almal wat vyandig teenoor dit was oorleef.**





**Die Woord van die Here bly tot in ewigheid.**

Die Bybel – 1 Petrus 1:25

**Vir ewig, o Here, staan u woord vas in die hemele.**

Die Bybel – Psalm 119:89

**Die hele inhoud van die Woord is waarheid, en al U regverdige verordeninge is tot in ewigheid.**

Die Bybel – Psalm 119:160



# Die Bybel is Soos...

## Brood

Dit is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie.



Die Bybel – Johannes 6:50

## Vuur



Is My woord nie só, soos 'n vuur? spreek die Here. Jeremia 23:29

## Lig

U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.

Psalm 119:105



## Melk



En verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei. 1 Pertus 2:2

## Heunig

...soeter as heuning en heunigstroop.

Psalm 19:11






## Goud

Hulle is begeerliker as goud, ja, as baie fyn goud. Psalm 19:11



## Silwer



Die woorde van die Here is rein woorde, silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal. Psalm 12:7

## 'n Spieël

Want die woord van God is...'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie.

Hebreërs 4:12&13



## 'n Hamer



Is My woord nie só, ...soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel nie? Jeremia 23:29

## 'n Swaard

...en die swaard van die Gees – dit is die woord van God. Efesiërs 6:17 en Hebreërs 4:12



## Die Saad



die onverganklike saad...die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.

1 Petrus 1:23

# Wenke om die Bybel te lees

**Lees die Bybel om direk in kontak met God te kom. Begin, byvoorbeeld, met die evangelie van Lukas in die Nuwe Testament, 'n vertelling van die lewe van die Here Jesus Christus. Verder is die sleutel om die Ou Testament te verstaan in die Nuwe Testament.**

**As jy die Bybel met vreugde en insig wil lees, is die volgende sewe punte tot hulp:**

## 1. Gebruik 'n goeie vertaling

> Gebruik 'n vertaling wat verstaanbaar is, maar ook 'n naby vertaling aan die oorspronklike teks is. Ons stel die 1953 vertaling voor.
(Ongelukkig is daar talle vertalings van die Bybel wat afwyk van die bybelse boodskap.)

## 2. Neem tyd

> Onderneem om werklik 'n goeie kwartier eenkant te sit per dag vir 'n "stiltetyd" om met God te ontmoet.
Daar is 96 kwartiere in 'n dag, gee een daarvan vir God. Hy wil met jou praat.

## 3. Jy het stilte nodig

> Lees die Bybel in 'n stil plek.
Inderdaad kan jy die Bybel aanlyn lees, of aflaai deur 'n gratis program, maar om dit in boekvorm te lees sal jou help dat jou aandag nie maklik afgelei kan word nie en jy beter kan konsentreer.



## 4. Bid tot God

> Vra God om jou te help om te verstaan wat jy lees.
Niemand kan die Bybel beter verklaar as Hy wat dit geskryf het nie.

> Vra God: "Wat wil U vir my sê? Hoe kan ek dit in my lewe toepas?"
Hy alleen sien in jou hart en ken jou swaarkry en omstandighede.

> Dank God vir Sy kosbare Woord.
Om die Bybel te lees bring groot vreugde en voordeel. Sien Psalm 119:162&163

## 5. Bedink dit

> Dink na oor wat jy gelees het.
Daar is min nut om net die Bybel haastig te lees. Sien Psalm 119:15,27&48

> Onderstreep belangrike verse en let op verse wat daarby aansluit.
Jy sal dit dan later makliker vind en makliker onthou.

## 6. Memoriseer die Woord

> Memoriseer die verse wat vir jou belangrik is.
Jy kan hulle dan eninge tyd ophaal. Sodoende kan hulle vir jou 'n bron van hulp wees in verskye omstandighede in die lewe. Sien Psalm 119:11; Kollosense 3:16

## 7. Beoefen die Woord

> Doen wat God vir jou wys en sê in Sy Woord.
Om gehoorsaam aan God te wees maak jou bly en verdiep jou verhouding met Hom. Sien Jakobus 1:22

**Salig is hulle wat die woord van God hoor en dit bewaar.** Die Bybel – Lukas 11:28

# 'n Beslissing word Vereis!

Jy het talle voorstelle en baie inligting oor die Bybel, in die "brief" van God aan jou, verkry. Asseblief antwoord God nou. Moenie jou besluit uitstel nie. Teen dié tyd verstaan jy al hoe belangrik dit is om na God te luister. Daar mag dalk nooit weer so 'n geleentheid wees nie.

God wil na jou toe kom in teerheid en genade en nie as regter nie. Hy roep jou om na Hom toe te draai. Maar as jy voortgaan om onverskillig te wees en te weier om na Hom te luister, sal die uiteinde van jou pad lei tot 'n ewige verwydering van God, die hel.

**Maar God maak aan jou 'n wonderlike aanbod deur Sy Seun, Jesus Christus:**

**Deur tot God te bid, kan jy verlossing van jou sondes kry met net 'n eenvoudige, opregte gebed. Hy is gretig om jou sondes te vergewe wanneer jy hulle teenoor Hom bekend maak. As jy dit opreg doen kan jy ook glo dat Hy die straf van jou sondes gedra het toe Hy op die kruis gesterf het.**

**As jy hierdie offergawe aanneem in geloof, sal die weg na die hemel, die plek van ewige, vreugdevolle gemeenskap met God, oop wees vir jou. Jou lewe sal dan 'n doel hê.**



God stel intens belang in jou. Daarom praat Hy met jou deur Sy brief, die Bybel. Hy wil hê dat jy gered word en ware vrede kan ontvang. Hy het jou regtig baie lief en gee om vir jou.

Lees asseblief die Bybel met 'n oop hart. Antwoord God! Dank Hom in jou hart dat Sy wonderlike Woord na jou toe gekom het en dat jy dit kon aanneem. Dit sal vir Hom die grootste vreugde wees.

**Daar sal net so blydskap wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer.**

Die Bybel – Lukas 15:7



Dit sal groot vreugde wees as jy vir God kan sê:

**My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie, Ek het gesê: Ek wil aan die Here my oortredinge bely; en U het die ongeregrigheid van my sonde vergewe.**

Die Bybel – Psalm 32:5

Dan sal God se ewige beloftes ook jou deel wees.

**En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.**

Die Bybel – Johannes 10:28

**En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.**

Die Bybel – Mattheus 28:20



Hier sal jy vind:
**"'n Brief aan jou"**
-en vele ander litteratuur in talle tale:

CALA
christian aid & literature africa
www.biblecenter-mw.com
Email: calamalawi@gmail.com
Box 30809 • Lilongwe 3 • **MALAWI**
Phone: +265 99 908 1100 • +265 99 613 1252
Phone: +265 88 827 4309 • +265 88 559 9473
*Visit our Bible Centers in:*
*Lilongwe: Upland House, opposite Maula Mall, Area 3*
*Limbe: Pearl Arcade, Shop 10, opposite Police HQ Limbe*
*Dowa: Gospel Hall, close to Dzaleka school*

**CHRISTIAN LIBRARY AND HELP SERVICE**
60 Bram Fischer Drive
Blairgowrie, ZA-2194 Randburg
**SOUTH AFRICA**
PO Box 2048 Pinegowrie 2123
Phone: +27 118 880 522
Mobile: +27 827 941 314
Mobile: +27 713 691 092
Email: ClahsBooks@gmail.com

GBV
**GBV Dillenburg GmbH**
Eiershäuser Straße 54
35713 Eschenburg
GERMANY
www.gbv-dillenburg.de
www.gbv-online.org

ISBN 978-3-96162-985-5

GBV 132 4010 A Letter for You Afrikaans